S.9/129 PC 170/6/1/4/5 com

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Privaatsak 94 Hoofkantoor,

PRETORIA.

14 Desember 1964.

DIE KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE / DIE MINISTER VAN JUSTISIE.

A.R.M. : AANDEEL VAN LIBERALE PARTY.

1 Die aangehegte afdruk van 'n artikel in die "Sunday Times", Johannesburg, gedateer 10.3.1963, uit die pen van J. Hamilton Russel wat moontlik vergete kon geraak het, word vir u inligting aangeheg.

2. In antwoord op die uitdaging deur Alan Paton in dieselfde berig, word die volgende besonderhede ten opsigte van die sabotasie bedrywighede van lede van die Liberale Party aan u voorgelê:

(a) Hugh Francis Lewin van Johannesburg is op 1.12.64 weens sameswering tot sabotasie veroordeel en gevonnis tot 7 jaar gevangenisstraf. Onder besonderhede in die klagstaat het 12 gevalle van werklike sabotasie teen elektriese kragtorings deur middel van plofstowwe, verskyn. Lewin het tydens die verhoor erken dat hy aan dade van sabotasie aandadig was. Saam met hom het, weens dieselfde klagte tereg gestaan, Bertram M. Hirson, Raymond Eisenstein en Friedrich Prager. Laasgenoemde drie se verbintenis met die Liberale Party kon nie met sekerheid bepaal word nie.

(b) John Nesbitt Lloyd. Hy is van Johannesburg en is lid van die Liberale Party. Lloyd het erken dat hy lid van die African Resistance Movement was en persoonlik vir drie dade van sabotasie, met behulp van plofstowwe, teen elektriese kragpale aan die Rand en omgewing verantwoordelik is.

Lloyd is as Staatsgetuie in die strafsake die Staat teen Hirson en 3 ander en die Staat teen John Harris gebruik.

(c) Rosemary Ann Wentzel. Sy het erken dat sy lid van die African Resistance Movement was en aan drie dade van sabotasie in die vorm van beskadiging van elektriese kragtorings en Spoorweginstallasies deur middel van plofstowwe deelgeneem het. Voorts het sy erken dat sy behulpsaam was met die ontvlugting van twee lede van African Resistance Movement na Swaziland. Sy is as getuie vir die Staat in die strafsaak teen Hirson en 3 ander gebruik.

(d) Frederick John Harris is op 6.11.64 weens moord en sabotasie voortspruitende uit die Johannesburg-stasie bomontploffing op 24.7.64 ter dood veroordeel. Hy het ook aandeel gehad aan een daad van sabotasie in die vorm van beskadiging van Spoorwegsinjaalkabels deur middel van plofstowwe.

(e) Janet Margaret Helmstedt was intiem bevriend met Dennis A. Higgs en het 'n voorraad dinamiet vir Higgs in haar kantoor by

2/.........

MJU 128 J21/22/1 vol 2

die Universiteit van die Witwatersrand geberg. Van hierdie dinamiet is later deur Harris by die Johannesburg-spoorwegstasie aangewend. Helmstedt is as getuie deur die Staat teen Harris gebruik.

(f) Ronald Mutch. Hy was lid van die African Resistance Movement aan die Rand en was behulpsaam met die vervaardiging van tydmeganismes vir doeleindes van sabotasie teen kragtorings en Spoorweginstallasies deur middel van plofstowwe.

Toe die eerste arrestasies van sy makkers bekend geraak het, het Mutch dit goed gevind om te vlug en bevind hom tans in die buiteland.

(g) Hillary Mutch. Sy is die eggenote van (f) hierbo, het hom met sy ondermynende bedrywighede gehelp en saam met hom gevlug toe die wêreld te warm geword het.

(h) Phillip Holland Green is ŉ stigterslid van die National Committee for Liberation wat later tot African Resistance Movement vernoem is. Hy was behulpsaam met die diefstal van dinamiet te Balmoral, die pleeg van sabotasie teen kragtorings en Spoorweginstallasies deur middel van springstowwe en met die opleiding van Bantoe lede in die gebruik van tydmeganismes en plofstowwe. Hy is ŉ voortvlugtende van die gereg en bevind hom tans in Swaziland.

(i) Neville Derick Vincent-George. Hy was tydens die arrestasies ŉ pasgewerfde lid van die African Resistance Movement en sover bepaal kon word het hy tot op daardie stadium nog nie aan die sabotasiebedrywighede van die organisasie deelgeneem nie.

Tydens sy arrestasie was hy waarnemende sekretaris van die Liberale Party in Johannesburg. Hy is nie aangekla nie.

(j) Samuel Olifant, ŉ Bantoe van Johannesburg, is ŉ stigterslid van die National Committee for Liberation, wat later die African Resistance Movement geword het. Hy het twee gevalle van sabotasie teen kragtorings deur middel van plofstowwe erken en het aan talle administratiewe bedrywighede van die organisasie meegemaak. Olifant is as getuie vir die Staat in die saak teen Hirson en 3 ander gebruik.

(k) Johannes Dhladhla, ŉ Bantoe, het 3 dade van sabotasie teen kragtorings en Spoorweginstallasies aan die Rand en omgewing erken. Plofstowwe is gebruik.

Hy was ook mede-verantwoordelik vir die diefstal van 6 kiste dinamiet naby Balmoral. Hy was lid van die African Resistance Movement. Dhladhla het getuienis vir die Staat in die saak teen Hirson en 3 ander gelewer.

(l) Jeremiah Mbuli. Hy het aan een daad van sabotasie aan die Rand en omgewing teen ŉ kragtoring meegedoen. Springstowwe is vir die doel gebruik. Hy het ook namens die African Resistance Movement gehelp om vlugtelinge na Swaziland te verwyder. Hy is nie aangekla nie.

(m) Friedrich Prager. Hy was volgens aanduiding lid van doe African Resistance Movement in Johannesburg, het aan samesprekings deelgeneem en was tesourier van die organisasie. As gevolg van onvoldoende getuienis is hy onskuldig bevind toe hy saam met Hirson, Eisenstein en Lewin weens sameswering tot sabotasie aangekla was.

MJY 128 JA1/2211 vol 8

3/ ......

(n) Rhoda Prager was 'n stigterslid van die National Committee for Liberation en was sekretaresse van die African Resistance Movement tot en met haar dood op 31.7.63.

(o) James Randolf Vigne het op 2.6.55 lid van die Liberale Party geword. In dié party het hy gedien as lid van die Uitvoerende Nasionale Bestuur, vise-voorsitter van die Wes-Kaapse tak en voltydse organiseerder totdat hy ingeperk is.

Hy was lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee en voorsitter van die Kaaplandse streekskomitee van die African Resistance Movement. Toe dit duidelik geword het dat lede van die African Resistance Movement aan die pen sou ry, het Vigne dit goed gevind om te vlug.

(p) Adrian Leftwich het op 14.6.59 lid van die Liberale Party geword. In die party het hy gedien as lid van die Wes-Kaaplandse Uitvoerende Komitee. Hy was ook deeltydse voorsitter van die Defence and Aid Fund wat deur die Liberale Party beheer word.

Wat die African Resistance Movement betref, was Leftwich lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee, lid van die Wes-Kaaplandse streekskomitee, lid van die beplanningskomitee en het aktief aan talle dade van sabotasie met behulp van springstowwe teen kragtorings en Spoorweginstallasies in die Skiereiland en omgewing deelgeneem.

Leftwich het vir die Staat in die sake die Staat teen Daniels en 4 ander en Hirson en 3 ander getuienis afgelê.

(q) Neville N. Ruben het op 21.5.53 by die Liberale Party aangesluit en het op die Uitvoerende Komitee van die Wes-Kaapse tak gedien.

Ruben was lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee en lid van die Wes-Kaaplandse streekskomitee van die African Resistance Movement. Hy het vir laasgenoemde organisasie lede gewerf, gereël vir hulle opleiding in die gebruik van plofstowwe en was verder gemoeid met die insameling van fondse. Hy het ook die veilige weg gekies en op vlug geslaan.

(r) Edward Joseph Daniels, 'n Kleurlingman van Kaapstad, het op 12.5.59 lid van die Liberale Party geword. Totdat hy ingeperk is, het hy op die Wes-Kaapse Uitvoerende Komitee van dié party gedien.

Hy was lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee, lid van die beplanningskomitee van die African Resistance Movement en het aktief aan sabotasie met behulp van springstowwe teen kragtorings en Spoorweginstallasies in die Wes-Kaapse gebied deelgeneem.

Op 17.11.64 is Daniels tot 15 jaar gevangenisstraf weens sabotasie veroordeel.

(s) Sheila Clare (nee Robertson) het op 27.2.60 lid van die Liberale Party geword. Sy het as sekretaresse van die Wes-Kaaplandse tak van die Liberale Party gedien totdat sy teen die 2de helfte van 1964 na Port Elizabeth verhuis het. Lode Helen

Sy was 'n gewone lid van die African Resistance Movement en het, sover bekend, nie aan sabotasie deelgeneem nie.

Clare het uit die land gevlug nadat sy aan die Polisie

4/.......

MJU 122 721/22/1 vol 8

verklaring in verband met ander lede van die African Resistance ovement se bedrywighede gemaak het.

(t) David Guy de Keller het op 15.1.62 lid van die Liberale Party geword. Hy was ook 'n gewone lid van die Wes-Kaaplandse tak van die African Resistance Movement en het aktief aan sabotasie teen kragtorings en Spoorweginstallasies in daardie gebied deelgeneem.

Op 17.11.64 is de Keller in die Hooggeregshof, Kaapstad, tot 10 jaar gevangenisstraf weens sabotasie gevonnis nadat hy oorspronklik saam met Alan Brooks, A. Trew, S. Kemp en E. Daniëls op 'n klagte van sabotasie tereg gestaan het.

(u) Stephanie Kemp, 'n blanke vrou van Kaapstad, het op 24.9.62 lid van die Liberale Party geword. Sy was ook 'n gewone lid van die African Resistance Movement en het aktief aan sabotasie in die Kaapse Skiereiland en omgewing teen kragtorings en Spoorweginstallasies deelgeneem.

Kemp is saam met E. Daniëls, D. de Keller, A. Trew en A. Brooks in Kaapstad weens sabotasie aangekla en het skuldig gepleit op 'n alternatiewe klagte naamlik dat sy 'n handeling verrig het wat daarop bereken was om die verwesenliking van die oogmerke van kommuniste te bevorder. Sy is op 11.11.64 tot 5 jaar gevangenisstraf waarvan 3 jaar voorwaardelik opgeskort is, gevonnis.

(v) David Patrick Hamilton-Russel het op 28.8.59 lid van die Wes-Kaaplandse tak van die Liberale Party geword. Hy was ook 'n gewone lid van die African Resistance Movement. Sover bepaal kon word, het hy nie daadwerklik aan sabotasie meegedoen nie. Hy bevind hom tans buite die R.S.A. se grense.

(w) David Lynn Evans van Durban, 'n lid van die Liberale Party, is gedurende die begin van 1962 deur Monty Berman en wyle Rhoda Prager as lid van die African Resistanee Movement gewerf. Gedurende Mei 1962 het hy 'n A.R.M. vergadering in die huis van John Cox, Johannesburg, bygewoon. Daarna is hy terug na Durban waar hy 'n kas bevattende 50 lb. dinamiet, lont, knallont, springdoppies en 'n tydapparaat deur lede van Johannesburg voorsien, in ontvangs geneem het. Saam met Laredo net Evans geskikte kragtorings wat gesaboteer kon word, uitgesoek, maar om een of ander rede het hulle nooit tot werklike sabotasie oorgegaan nie.

Evans is later saam met John Laredo voor 'n Hoërhof weens sabotasie vervolg en is daarvan skuldigbevind dat hy plofstowwe besit het om sabotasie te pleeg. Hy is op 23.11.64 tot 5 jaar gevangenisstraf gevonnis.

(x) John E. Laredo was 'n lid van die Natalse tak van die African Resistance Movement en het saam met D.L. Evans gewerk. Hy het ook plofstowwe vir sabotasie gehanteer, doelwitte gekeur, maar gedurende Januarie 1963 na Port Elizabeth verhuis sonder dat hy ooit werklik sabotasie gepleeg het. Te Port Elizabeth het hy by daardie tak van die A.R.M. aangesluit, 'n paar vergaderings bygewoon, maar nie tot sabotasie oorgegaan nie.

Op 23.11.64 is Laredo saam met D. Evans tot 5 jaar gevangenisstraf gevonnis omdat hulle plofstowwe besit het om sabotasie te pleeg.

(y) Jordan K. Ngubane, 'n Bantoe van Durban, is deur Evans as lid van die African Resistance Movement gewerf. Hy het een vergadering bygewoon, dog geen verdere aandeel gehad nie.

5/.........

MJU 123 J21/22/1 vol 8

(z) Norman Bromberger was die tesourier van die Port Elizabethse tak van die African Resistance Movement en het etlike byeenkomste van daardie tak bygewoon.

Weens onvoldoende getuienis om sameswering tot sabotasie te bewys, het die Prokureur-Generaal geweier om hom te vervolg.

(aa) Elizabeth A.H. Mearns was lid van die Port Elizabethse tak van die African Resistance Movement en het 4 vergaderings bygewoon. Sy het onderneem om vir die Staat teen Evans en Laredo getuienis te gee en is nie aangekla nie.

(bb) Alexander Keith Carter was lid van die African Resistance Movement te Grahamstad en het daar vergaderings bygewoon. Geen getuienis kon gevind word dat hy aan dade van sabotasie of sameswering daartoe deelgeneem het nie. Hy het koue voete gekry en na Swaziland gevlug.

(cc) Gavin D. Travelyn. Hy was lid van die Grahamstadse sel van die African Resistance Movement, het vergaderings bygewoon, maar volgens beskikbare inligting nie aan sabotasie of sameswering daartoe deelgeneem nie. Hy het saam met Carter die wyk na 'n veiliger oord geneem.

(dd) Alexander Gwilliam Cox van Johannesburg is 'n stigterslid van die African Resistance Movement en het finansiële hulp vir die uitstuur en opleiding in die buiteland van Bantoe Milton Sethlapelo verleen. Hy is saam met Hirson, Lewin, Eisenstein en F. Prager weens sabotasie aangekla, maar die Prokureur-Generaal het later besluit om weens gebrek aan voldoende getuienis teen hom terug te trek en hy het op die dag van sy vrylating, sonder om te kyk 'n vliegtuig gehaal en na elders vertrek.

(ee) Dennis Arthur Higgs het gehelp om dinamiet vir sabotasie by Balmoral te steel, is die ontwerper en vervaardiger van tydmeganismes vir gebruik by sabotasie pogings en het aktief aan sabotasiedade aan die Rand en omgewing teen kragtorings en Spoorweginstallasies deelgeneem. Hy het, voordat die eerste arrestasies bekend geword het, na Zambia vertrek om daar met 'n Bantoevrou in die huwelik te tree.

(ff) E.M. Wentzel, 'n lid van die Liberale Party, is volgens Lloyd, lidmaatskap van die African Resistance Movement geweier toe hy daarom aansoek gedoen het.

3. Die volgende persone wat met die African Resistance Movement gemoeid was, se lidmaatskap van die Liberale Party kon nie met sekerheid vasgestel word nie.

(a) A.M. Swersky.

(b) Robin Scott-Smith.

(c) John Lang.

(d) Framton H. Schultz-Kerr.

(e) Bertram Martin Hirson.

(f) Raymond Eisenstein.

(g) Ismail Omar.

(h) Johnny Vilikazi.

MJU 128 J31/22/1 vol 8

6/.........

3 + 2 = 5

(i) M. Sobey.

(j) G. Gane.

(k) L. Symington.

(l) Robert Watson.

(m) Michael Schneider.

(n) Mabel Katzen.

(o) Alan Brooks.

(p) Neville Hillman.

(q) Milley McConkey.

(r) Lynette van der Riet.

(s) A. Trew.

(t) H. Cohen.

(u) M. Berman.

(v) D. Cohen.

WNDE. KOMMISSARIS VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

/EL.

MJU 122 J21/22/1 vol 8

2

21